

Kerkraadsvergadering, Dinsdag 18:30 in KOSMOS

Ons herinner kerkraadslede aan die kwartaallikse kerkraadsvergadering. Notule, agenda en bylaes is per e-pos uitgestuur.

HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Ons verwelkom graag vir **Lynette Jacobs** wat as projekteur vir Helderberg Hospitaal, by Alisia Smit oorneem.

Dié projek se visie is om Jesus se lig in Helderberg Hospitaal te wees. Op die oomblik bedien hulle die hospitaalpersoneel elke tweede week met 'n vrolike pakkie eetgoed en 'n teksvers. Kontak gerus vir Lynette by 082 040 4967, as jy graag betrokke wil raak.

Tee na die erediens

Almal word hartlik uitgenooi om in KOSMOS te kom tee drink na die erediens.

LOERIESFONTEIN

Ons skakelpersoon uit Loeriesfontein, Elna Brand, het laat weet dat dit onder omstandighede goed gaan. Hulle neem dit maar nog steeds dag vir dag. Hulle is ontsettend dankbaar vir die reën wat wel daar geval het, maar ongelukkig neem die veld maar lank om te herstel na die 8-jaar lange droogte. Die troppe skape is gedurende die droogte so verminder dat sommige boere slegs so 5 skape oorgehou het. Om nou die vee aan te vul is dan ook 'n uitdaging vir hulle omdat finansies nog steeds 'n probleem bly. Sy noem dat hulle kruideniersware-voorraad so uitgedun is, met die gevolg dat hulle nie tans in staat is om die Tehuis vir Bejaardes in Loeriesfontein te kan help met hulle behoeftes nie. Indien daar gemeentedele is wat hulle weg oopsien om hier te help, kan hulle my skakel, of die kerkkantoor.

Josephine (082 830 5337), Kerkkantoor (021 852 1787)

ACVV HUIS MARIE LOUW TEHUIS VIR BEJAARDES

Ek besef dat baie persone in hierdie ekonomiese tye finansiële sukkel, maar ek neem egter die vrymoedigheid om die behoeftes wat daar tans by by Huis Marie Louw, Tehuis vir Bejaardes in Somerset-Wes, met die gemeente te deel. Ons het gedurende die Covid-19 pandemie waar ons vir 2 jaar ingeperk was, 21 leë kamers gehad wat 'n ontsettende finansiële impak op ons Tehuis gehad het en nog steeds het. Gelukkig kon ons vanaf die begin van die jaar 8 kamers gevul kry. Tans is daar nog steeds 13 kamers leeg en dit veroorsaak dat ons nie maandeliks ons finansiële verpligtinge kan nakom nie.

Ons is tans besig om die leë kamers so een vir een te verf en mooi te maak en hiervoor het ons vrywilligers nodig om met hierdie proses te help. Indien jy een van daardie persone is, skakel my gerus.

Indien daar persone is wat meer wil weet rondom beskikbare verblyf by Huis Marie Louw, kan hulle gerus Die Hoof, Suster Groenewald, by 021 8522347 skakel vir meer besonderhede.

Dan benodig ons 2 werkende rekenaars: nuut of tweedehands. Dié wat ons tans het is so oud en oneffektief. Daar is ook 'n behoefte, veral nou dat dit winter word, vir 'n lugversorger vir die Siekeboeg. Indien jy sou belangstel om betrokke te raak by Huis Marie Louw, skakel my gerus en dan gesels ons.

Ons sê dankie vir julle aandag aan hierdie saak.

Josephine de Leeuw den Bouter (082 830 5337)

Voorsitter Huis Marie Louw

HELDERBERG UITREIK:

Sir Lowry's Pas + Truth2kids projek

Motor vir Fiela van Sir Lowry's Pas is dringend nodig.

Fiela Opperman is vir baie jare reeds werksaam in SLP projek en truth2kids projek (vroëer Kinderevangelisasie). Haar motortjie is onlangs in 'n ongeluk afgeskryf. Sy was nie die verantwoordelike persoon nie. Ons is baie dankbaar dat sy nie ernstig beseer is nie. Die behoefte bestaan nou vir 'n bekostigbare motor. Sy werk in SLP, Gordonsbaai, CNP Strand, en Somerset Wes. 'n Betroubare motor is dus uiters noodsaaklik sodat sy haar werk in skole en in die gemeenskap kan doen. Die uitbetaling deur die versekering is onvoldoende om die motor te vervang. Enige persoon wat kan hulp verleen tov fondse en/of kennis van 'n goeie beskikbare motor sal baie waardeer word.

Inbetaling van fondse:

Helderberg Uitreik, Absa Helderberg, takkode 632005, reknr. 911 4483 080.

Verwysing: FielaTruth2kids Projekleier: Sus van Niekerk 076 7464 581

